Daar staan in die Ou Testament 'n wonderlike belofte aangaande die nuwe verbond wat God met sy volk sal oprig, wanneer Hy hulle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees sal gee en die kliphart uit hulle liggaam sal uithaal en aan hulle 'n hart van vleis sal gee: "Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom" (Eseg 36:27 ;vgl Jer 31:33). Dit is wat bedoel word met "die bedeling van die Gees" waar Paulus in ons teks praat.

Deur die Gees skryf God die wet op die tafels van ons hart. Die wet waarvan ons bevry is as veroordelende instansie, maar wat tog ons wesenswet is, kom terug, maar nou word daardie wet deur die *Gees* in ons binneste geplaas. Dit word geïnternaliseer. Daar ontstaan 'n *begeerte by ons om presies dit te doen wat die wet vra*. En hoe anders is dit nou! Die wet wat eens 'n veroordelende en verknegtende wet was, omdat ons dit misverstaan en verkeerd daarmee omgegaan het, word nou die volmaakte wet wat 'n mens vry maak, soos die apostel Jakobus sê (Jak 1:25).

*Dit maak ons vry, omdat dit vir ons die goeie weg aanwys waarop ons met vrymoedigheid voor God en mens mag wandel.

*Dit maak ons vry, omdat die voorskrifte daarvan presies pas op dit wat ons, volgens die drang van die Gees in ons harte, bedoel is om te wees.

Miskien ervaar u dit nog nie heeltemal so nie. Ons is nog so halfslagtig, so swak in ons geloof, so innerlik verdeeld. Maar in die geloof mag ons daaraan vashou dat dit werklik die waarheid aangaande ons is. En as ons die Gees vertrou om ons hoe langer hoe meer te maak wat ons in Christus reeds *is*, sal ons ook steeds meer

vry word om van harte God se wil te doen. Want waar die Gees van die Here is,
daar is vryheid!

1) The heading: "Vry van die Wet" indicates clearly that the "law" will be central to the sermon, appropriately so as it is also central to the text. The sermon seems to be structured as follows:

A: First a legalistic "abuse" of the "law" is to be corrected. A use that makes the "law" a "qualification" for salvation. This is contrasted with the use of the "law" as "leefreëls", the latter being the original intent of the lawgiver after the people were liberated from Egypt. This is very clearly the "third use" of the "law".

B: The legalistic abuse of the "law" is a faulty understanding by the "unsaved": "a test you have to pass". The result of this abuse is "to make sin even more" (quoting v. 7f) - "our sinful yearnings are awakened by the law".

C: The moralist abuse is described also as a rebellion against the "true intention" of the "law" - just a more refined way of abuse - obedience on the superficial level leading to pride and disdain against those who are not as good. This separates them (the Jews?) even further from God.

D: "Strange as it may sound" the sermon goes on, "salvation is only possible if we are liberated from the law". This announcement is therefore the climax of Paul's gospel. "In Christ we are set free from the law!" And then some explanations of this "liberation" are given:

- It does not mean that the "law" no longer expresses God's will.
- It does not mean that the "law" is no longer the "rule" by which our lives are judged. The "law" is still God's holy and eternal will.
- It does not mean that the "law" is abolished in any of its meaning.
- It (merely?) means that we are free from its damnation ("veroordeeling").

This last statement is now unfolded in three subsections:

- God does not judge us on the ground that we cannot keep the "law".
- Our right relationship with God does not depend on our ability to keep the "law".
- Our trespassing of the "law" is not brought into the question of our acceptance as children of God. This is a very clear formulation of the "**law**"
- "**gospel**" **dialectic** as based on Paul's theology.

E: The Christ-event is described as basis for our liberation from the "law". The "curse" of the "law" has been borne by Christ (Galatians 3) - the "law" has run its course. Using Romans 7,1-4 our death with Christ implies that "law" no longer has jurisdiction over us (**gospel** as liberation from the **law**).

F: And now the hearers are urged to apply this to themselves as "radically as Paul says it". The "law" does not come into the equation - God accepts us by grace. We are free from the "law".

G: Our "death with Christ" not only means freedom from judgement by the "law", but also a special binding to Christ in order to live for him (Romans 7,4). The Old Testament promise is recalled: heart of stone to be replaced with one of flesh (Ezekiel 36 and Jeremiah 31). The Spirit writes God's "law" onto the tablets of our hearts - it is internalised, there creating a yearning in us to do precisely what the "law" asks. The judging or condemning "law" becomes the liberating "law" (James 1,25). (**third use**)

- It liberates because it shows us the way to live before God and humans.
- It liberates because its precepts fit precisely that which is put into our hearts by the Spirit, what we are meant to be.

Even against any experience to the contrary the hearers are urged to hold on to this as the truth about themselves. Trust the Spirit to make us into that, which we already are in Christ :- doing God's will.

Summarising this construction of thought one could say that the message of this sermon is: because you are free from the condemning "law" through Christ you can now live by the power of the Holy Spirit in the guidance of the "law".

(Criteria 2+3): The **second use** of the "law, that convinces us of our "sin" is in fact being used here. It is not clear whether this is the preacher's intention, because he mainly talks about the "law" enticing us to more sin which is only one aspect of the second use as defined by the reformers but this is probably conditioned by the text. The purpose of this second use is, however, clearly to establish the condition for the gospel to bring the **third use** into action - guiding the hearers through the Holy Spirit into a right living according to God's will.

This is a classic rendering of Reformed theology in my (pre-research) opinion. The "law" as God's original intention. The "gospel" as God's graceful intervention on our behalf because we cannot keep the "law". And then the "law" again as restored to its "proper" use: as a guideline that we **can** keep in the power of the Holy Spirit. A thorough analysis of reformed theology will need to verify the validity of my opinion. It may indeed be no more than an impression gained from my experience of reformed sermons.

4) Not many direct appeals are made - except at the end: to "trust that this is indeed our situation!" Indirectly the moral appeal of the "law" to righteous living is present throughout.

5) No practical "guidance" for life in the "real world" is given in this sermon.

Sermon 3 by Willie Jonker: *Nie meer slawe nie, maar kinders*. From: *Vreemde bevryding*. Lux Verbi, Kaapstad, 1989. Pages 40-47

Texts: Romans 8,1-4,12-16; and Galatians 4,3-7

Romeine 8:1-4, 12-16 en Galasiërs 4:3-7

A

Dit is 'n groot voorreg om binne die verbondskring gebore te wees en op te groei. Van kleins af word ons gedrenk in die weelde van Gods beloftes; ons ken die vreugde om in die geloof te mag wandel.

Ons word egter ook aan 'n groot gevaar blootgestel. Dit is die gevaar van gewoning: ons raak van kleins af so gewoon daaraan om die klanke van die Woord van God te hoor dat die volle inhoud en diepte daarvan nie tot ons deurdring nie. Dan mag ons wel dink dat ons weet wat die betekenis van die evangelie is, maar dikwels gaan dit tog aan ons verby en mis ons die vreugde wat daarin opgesluit lê

B

Een van die begrippe wat ons van kleins af ken en dikwels gebruik, is die begrip kinders van God. Dit is egter lank nie altyd seker dat ons die volle betekenis daarvan verstaan nie. As Paulus egter hierdie uitdrukking op sy lippe neem, is dit vir hom vol van varsheid van 'n nuwe ontdekking. Daarvan lê ons teksgedeelte 'n sprekende getuigenis af. Om iets te probeer weergee van wat in die uitsprake van Paulus oor die kindskap opgesluit lê, gebruik ons die drie begrippe: Status, geaardheid en mentaliteit.

C

Vir Paulus is die begrip "kinders van God" ten eerste 'n aanduiding van die nuwe status van diegene wat in Christus glo. As Jood het die kinderskap van God vir hom direk te make met God se belofte aan Abraham. In die Ou Testament word Israel meermale die kind of die seun van God genoem. Dit hang saam met die verbond wat God met Abraham en sy nakomelinge gesluit het. God se verbond beteken dat Hy vir Abraham en sy nageslag 'n God is en dat hulle sy volk is. Hy is vir hulle 'n Vader en hulle is sy kinders.

In hierdie sin kan Paulus in Romeine 9:4 ook sê dat God vir Israel "as sy kinders aangeneem" het. Die evangelie wat Paulus nou aan die heidene verkondig, is dat hulle deur Christus ook aan hierdie aanneming tot kinders deel ontvang het.

Hulle was vroeër ver van God af, sonder deel aan die verbonde en die belofte wat daarmee saamgehang het, sonder hoop en sonder God in die wêreld (Ef 2:12). Maar deur Christus het hulle "lede van die huisgesin van God" geword (Ef 2:19). In die prediking van die evangelie maak God aan hulle dieselfde belofte wat Hy aan Abraham en sy nageslag gemaak het en beveel Hy hulle om te glo dat Hy om Christus ontwil ook aan hulle en hulle kinders die vergifnis van hulle sondes geskenk het en hulle tot sy kinders en erfgename aangeneem het. Langs die weg van die geloof ontvang ons, wat van afkoms heidene is, die objektiewe status van kinders van God en huisgenote van die geloof.

Die hart van die evangelie is dat ons deur die bloed van Christus vrygekoop is uit die mag van die sonde, dat ons bevry is van die skuld en die straf daarvan, dat ons vrygemaak is van die vloek van die wet en die oordeel wat oor ons voltrek moes word, en dat ons uit louter genade, sonder enige prestasie of verdienste van ons kant, verlos is uit die mag van die duisternis en oorgebring is in die koninkryk van die Seun van Gods liefde. In Galasiërs 4:5 vat Paulus dit alles saam as hy skryf dat Christus ons losgekoop het om as kinders van God aangeneem te word.

God het ons ter wille van Christus as sy kinders aangeneem, Dit is die objektiewe werklikheid waarin ons gestel is, ons werklikheid in Christus, en dit word aan ons in die doop en die nagmaal beseël en bevestig. Daarom kan daar met reg in die formuliergebed ná die kinderdoop gesê word: "Ons dank U dat U ons en ons kinders deur die bloed van Jesus Christus van al ons sondes gereinig het en ons deur u Heilige Gees tot lidmate van sy gemeente ingelyf en tot u kinders aangeneem het".

Maak tot hierdie gebed u eie! Neem die belofte van God ernstig op. Glo dat u in Christus die status van 'n kind van God ontvang het, en dank God daarvoor!

D

Maar daarmee is die volle betekenis van die kindskap van die gelowiges nie uitgeput nie. Wat objektief in Christus waar is, word ook deur die Heilige Gees in ons lewe ingebring en aan en in ons subjektief waargemaak. Dat ons vrygespreek is van die sonde, dat ons sonde vergewe is, dit moet in ons lewe grondvat in die sin dat ons met die sonde breek, dat ons ook innerlik van die mag van die sonde vry word, dat die sonde nie meer oor ons heerskappy voer nie, en dat ons na die beeld van God vernuwe word.

Dit wil sê : die status van ons kindskap moet in die konkrete toestand van ons lewe gestalte kry, deurdat ons die geaardheid van ons hemelse Vader deelagtig word.

En inderdaad, Paulus verkondig dit ook as deel van die evangelie: wat Christus objektief gedoen het om ons te bevry, word subjektief in ons lewe voltrek deur die Heilige Gees. Aan hierdie waarheid is veral Romeine 8 gewy. Daarom is dit ook die hoogtepunt van die eerste gedeelte van hierdie brief waarin Paulus die afgrondelike sondigheid van alle mense skets, en die onmoontlikheid daarvan om deur die onderhouding van die wet te probeer om goed te lewe en God te behaag. Intendeel, in die lewe van die sondaar dien die wet eerder as 'n prikkel om nog meer sonde te doen, omdat ons sondige vlees juis dit graag wil doen wat God ons verbied. So word ons slawerny onder die sonde deur die wet net nog groter. Romeine 7 gee ons 'n verpletterende insig in hierdie waarheid, en dit loop dan ook uit op die noodkreet: "Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?" (vs 24).

As Paulus daarop antwoord, wys hy ons nie net op Jesus se soendood waardeur ons van die skuld van ons sonde vrygekoop is en die status van kinders van God ontvang het nie, maar ook op die Heilige Gees wat ons innerlik bevry van die mag van die sondige vlees en ons vernuwe om regtig in ons harte kinders van God te word.

Kyk maar na Romeine 8:2 - "Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood". Die Heilige Gees maak ons werklik innerlik vry, tot diep binne in die verborge dieptes van ons onbewuste bestaan, deurdat Hy in ons kom woon.

Ook dit word egter ons eiendom langs die weg van die geloof. Paulus se hele betoog in Romeine 8 is 'n pleidooi by ons om ons aan die Gees te onderwerp, aan die Gees gehoorsaam te word, ons deur die Gees te laat lei. Dit is die weg waarlangs die vryspraak wat om Christus ontwil aan ons gegee is, in ons lewe word tot die vryheid om nie meer aan die sonde gehoorsaam te wees nie, maar te begin lewe soos 'n kind van God.

En as ons dit doen, sê Paulus, dan is ons kinders van God (vs 14). Die begrip "kind van God" kry hier dus 'n spesifieke betekenis. Dit gaan nie net om die

heilstand van die gelowiges waarin hulle deur Christus gestel is nie, maar ook om hulle karakter, om wat hulle nou reeds is. Hulle word ook subjektief en innerlik die lewe van Christus deelagtig. Wie hom deur die Gees laat lei, word ook in sy geaardheid 'n kind van God: hy handel soos 'n kind van God, dink soos 'n kind van God, redeneer soos 'n kind van God.

Iets van die karakter van die Vader word in sy kinders se lewe sigbaar. Weliswaar is dit gebrekkig, fragmentaries, voorlopig, maar dit is tog daar. En dit is steeds duideliker daar namate ons ons deur die Gees van God laat lei en nie meer probeer om in eie krag die wil van die Vader te doen nie. Waar die Gees van die Here is, daar is vryheid, vryheid om navolgers van God te word soos geliefde kinders (Ef 5:1).

E

Maar daarmee hang nou ook 'n derde nuanse van die begrip "kinders van God" saam. Dit is die nuanse van die gesindheid, die mentaliteit van 'n kind van God.

Ons verstaan dit die beste as ons na Israel kyk. Hulle het geprobeer om deur die wet soos kinders van God te word en te lewe, maar daardeur het hulle in 'n wettiese verhouding tot God te staan gekom. Hulle hele godsdiens het 'n saak van verdienste geword. En daardeur het hulle in 'n situasie van diensbaarheid aan die wet beland, waardeur hulle eerder die gesindheid en mentaliteit van slawe as dié van kinders ontwikkel het. 'n Slaaf staan nooit in 'n verhouding van vryheid en gemeenskap met sy heer nie, want sy lewe word beheers deur verpligtinge, knegskap en vrees.

Dink hier maar aan die gelykenis van die verlore seun, waarin Jesus, in die figuur van die oudste broer, die verhouding skets waarin Israel tot God gestaan het: harde werk en slaafse diens, maar sonder liefde tot die Vader en sonder om werklik soos 'n kind van die Vader teenoor Hom te voel en te reageer (Luk 15:25-32).

Paulus skryf in ons teks: "Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: 'Abba!' Dit beteken 'Vader' (Rom 8:15). Paulus wil ons leer dat ons as kinders van God in die grootste vryheid en vrymoedigheid met God mag verkeer in die gesindheid van kinders.

In sy brief aan die Galasiërs kom Paulus weer op dieselfde tema terug en teken dan in die helderste kleure die teenstelling tussen die mentaliteit van diegene wat God soos slawe probeer dien deur wette en gebooie te probeer gehoorsaam, en diegene wat in Christus vrygemaak is en as kinders van God in liefde en dankbaarheid lewe (Gal 3:1-5:26). Die toppunt van sy uiteensetting is opnuut die wonderlike woord van ons teks: "En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: 'Abba!' Dit beteken: 'Vader!' (Rom 8:5b).

Luther noem die Vadernaam die vriendelike, soete, hartlike woord. Dit mag ons op ons lippe neem in diepe vertroue en dankbaarheid, wetende dat niks ons sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus nie. Paulus sê: "Die Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is" (vs 16). God wil dat ons hierdie vrymoedigheid moet hê, en daarom bevestig Hy dit deur sy Gees in ons harte.

F

Paulus beklemtoon dit veral teenoor die Joodse Christene wat wel Christus as hulle Verlosser aanvaar het, maar tog van oortuiging was dat 'n Christen nog

steeds daaraan gebonde is om die wette van die ou bedeling te onderhou. Hulle het hulle selfs daarvoor beywer om die Christene uit die heidendom daarvan te oortuig dat hulle besny moes word en op allerlei maniere weer die feestye en die reinigingswette, soos dit in die Ou Testament voorgeskryf word, te onderhou.

Maar daardeur word die evangelie in sy hart aangetas. Die vervulling van die wet word op hierdie manier tog weer 'n vereiste of minstens 'n newevereiste vir die redding, naas die geloof in Christus. Maar so kom die Christene weer onder die juk van diensbaarheid. Die vreugde en die sekerheid van die verlossing in Christus is dan daarmee heen. Die Christelike lewe word weer wetties, 'n lewe van "raak nie, smaak nie; roer nie aan nie" (vgl Kol 2:21). En die egte vryheid van Gods kinders bly in die slag, saam met die liefde wat die verhouding van die kinders tot die Vader moet bepaal.

Wie sal ontken dat dit die instelling van baie Christene is wat dikwels selfs voel dat hulle heiliger as ander is, omdat hulle so nougeset, so wetsgetrou, so toegewyd is - maar daarom dikwels ook so vreugdeloos is en van die egte vryheid van Gods kinders niks openbaar nie?

Paulus ontken nie dat die gelowige nog onder 'n verpligting staan om die goeie te doen nie. Hulle het geen verpligting meer teenoor die vlees om volgens hulle sondige natuur te lewe nie (Rom 8:12). Maar hulle staan ook nie onder 'n wettiese verpligting wat hulle weer tot slawe maak nie.

Wel staan hulle onder 'n verpligting teenoor die Gees wat hulle nie weer tot slawe maak nie, maar tot kinders wat vry en bly in die huis van die Vader is.

G
Mag God u hart so vervul met die wete dat u sy kind is dat u teenoor Hom in die liefde sal staan waarin daar geen vrees meer is nie., net wederliefde - en diepe dankbaarheid daarvoor dat Hy werklik ons Vader is. Ons het God immers lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het (1 Joh 4:17 - 19).

1) Structure:

A: An introduction concerning the experience of many that have grown up in the "covenant" and are thus "used to" being part of the faith, and in danger of missing the depth of the meaning thereof.

B: "Children of God" is taken as one such concept, that we need to understand fully again. It encompasses three concepts: status (C); character (D); and mentality (E).

C: Theologically the indicative of the new *status* given in Christ is expounded. The hearers are called to own this "reality" in the prayer from the order of baptism quoted. (Clear **gospel** proclamation)

D: The objective *status* given to us in Christ now needs to be made a subjective reality by the Holy Spirit. This is part of Paul's preaching of the "gospel", that the Spirit does this. In reference to Romans 8 (and retrospectively Romans 7) the working of the "law" to incite us even more to sin is mentioned as part of this process (working of the Spirit) ending in the plea of Romans 7,24). Citing Romans 8,2 "law of Spirit liberating you of the law of sin and death" this happening is said to lead to the freedom not to sin anymore. This is the "*character*" of the children of God. (**gospel**)

E: Connected to the character there is another nuance that comes to the fore: the *mentality* of the children of God. Using the mentality of the people Israel as a negative example of a slave mentality to the "law" the preacher then describes the mentality of the children of God as being one of true children, that call God "Abba" (Romans 8,15). Reference is made to Galatians 3,1-5 and 26 to reiterate this opposition of the two different mentalities.

F: Then Paul's dispute with Jewish Christians that wanted to remain faithful to the "law" is also brought to bear on the issue. This is then also observed to be a faulty mentality of many Christians today, who think themselves to be holier than others because they are obedient to God's "law". The obligation to do good is not denied, but contrasted with the "freedom of children" to live in the father's house.

G: A closing wish that God would fill the hearer with the knowledge of being God's child - which would be free of fear and full of love and thankfulness, "we love because God loved us first" (1 John 4,17-19).

(Criteria 2+3): There is a clear distinction of "**law**" and "**gospel**" in this sermon, even a *separation* in the following sense: the "law" being the force that convicts us of sin (second use) and that entices us to more sin

(Romans 7) and opposed to this the “gospel” being the liberation from the “law”. The distinction becomes a separation especially in the depiction of Israel as “under the law” and the Christians as free from the “law”. This leaves no possibility of a “good use” of the “law”, except for a vague obligation to do good.

4) Appeals are made twice to the hearers to own the liberation that being made children of God brings or effects.

5) As a result of the radical separation of “law” from “gospel”, no guidance for living in the real world is given. This critical evaluation will need to be compared to an analysis of reformed theology and its systematisation of the terms “law” and “gospel”.

Sermon 4 by Flip Theron: *Die bediening van die versoening*. From: *Vreemde bevryding*. Lux Verbi, Kaapstad, 1989. Pages 87-95
Text: 2 Corinthians 5,16-20

Calvyn het by geleentheid na die predikant verwys as “die mannetjie verrese uit die stof”.

Ek het gedink dat dit goed sal wees om op hierdie Hervormingsondag hierdie stofmannetjie en sy werk so ‘n bietjie van naderby te bekyk. Die vraag wat ons gaan besig hou, lui: *Wat doen ‘n dominee nou eintlik?*

Ek ken mense wat hierdie vraag prettig sal vind. Nie geweet ‘n dominee doen eintlik iets nie! Daarteenoor is ander mense weer diep onder die indruk van die vol program van die predikant, Hulle vra nie wat doen die dominee nou eintlik nie, maar sê: Wat doen die man tog nie alles nie! Hy preek, doen huisbesoek, doen siekebesoek, troos mense by begrafnisse, vertel grappe by huweliksonthale. Wanneer hy die skool nie oopsluit nie, sluit hy hom toe, ensovoorts, ensovoorts.

Maar ook diegene wat grondig oortuig is van die veelvuldigheid en uiteenlopendheid van die verpligtinge van die predikant, mag wonder: Wat is nou eintlik die wese van die werk van ‘n dominee? Trouens, dit kan met die dominee self gebeur dat nadat hy die dag in alle windrigtings rondgehardloop het, hy die nag lê en rondrol en wonder: wat doen ek nou eintlik?

Die Reformatore het nie daarvoor getwyfel nie. Daarom het hulle die Roomse priester vervang met die Protestantse predikant. Wat sy eintlike taak is, het Paulus hulle vertel. Dit staan as opskrif bokant ons gelese perikoop, naamlik : *die bediening van die versoening*. In 2 Korintiërs 5:18 het ons dan ook gelees : “Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en

aan ons die bediening van die versoening toevertrou". Hierdie bediening van die versoening neem volgens Paulus die vorm aan van die bring van 'n boodskap. Parallel met die uitspraak aan die slot van vers 18, naamlik dat God aan ons die bediening van die versoening toevertrou het, lees ons aan die slot van vers 19: Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou.

Die Hervorming dink derhalwe aan die predikant primêr as 'n boodskapper. Daarom skryf die dominee die letters VDM(Verbi Divini Minister). *Bedienaar van die Woord van God*, agter sy naam. Die bediening van die versoening neem die gestalte aan van die bediening van 'n boodskap. En "die boodskap van die versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie" (vs 19). God se versoening, sy vergifnis, sy vrypraak (vs 21), is die inhoud van die boodskap wat die dominee bedien.

Die feit dat die bediening van die versoening nou juis die gestalte aanneem van die bediening van die Woord (boodschap), is 'n aksent wat baie tipies is van die Hervorming. Die strydskreeu *sola Scriptura* (die Woord alleen) maak die Reformasie anders as die twee ander groot Christelike tradisies, naamlik die Oosters-Ortodokse Kerk en die Rooms-Katolieke Kerk. Nie die Woord nie, maar allerlei heilige handeling dien as bemiddeling van die heil in die Oosterse tradisie. 'n Ortodokse erediens is 'n geweldige indrukwekkende gebeurtenis. Die liturgie is 'n grootse Goddelike drama wat gepaard gaan met imponerende rituele. Die heilige kultus is die middel waardeur die mens met God en die heil verbind word. By Rome neem die bediening van die versoening veral die vorm aan van die bediening van die sakramente. Laasgenoemde is as 't ware gelaai met die krag van die heil. In die Roomse Kerk staan die altaar dan ook sentraal, met die preekstoel aan die kant.

In vergelyking met die Ortodokse Kerk en die Roomse (asook die Anglikaanse) Kerk is 'n gereformeerde kerkdiens maar onindrukwekkend, byna vervelig. Geen optogte, geen klokkes, geen kerse. Dit is so sober dat die risiko van aan die slaap raak aansienlik is. Die gereformeerdes het die preekstoel verskuif van die sy na die sentrum. En op die preekstoel het hulle die Boek geplaas. En agter die Boek nie 'n priester nie - dié vind jy by 'n altaar - maar 'n mannetjie, 'n stofmannetjie. In sommige gereformeerde kringe word hy soms wel nog 'n toga aangetrek, maar dit is sommers net om hom toe te maak en nie om hom op te tooi nie. (Altans, ek hoop so. Die toga is in elk geval aan die verdwyn. Dan word ons liturgie nog minder indrukwekkend, maar waarskynlik meer gereformeerd. Optooisels pas in elk geval sleg by 'n stofmannetjie). En hierdie mannetjie, verrees uit die stof, bedien aan ons die Woord.

Selfs die sakramentsbediening het die Hervorming eintlik as Woordbediening verstaan. Hulle het hul daarvoor beroep op Augustinus wat die sakrament 'n sigbare preek genoem het. 'n Mens sien soms die bloemiste adverteer hulle produkte met die slagspreuk: Sê dit met *blomme*". Toe God ons op Golgota vrygespreek het, het Hy dit eens en vir altyd gesê met *bloed*. Maar elke nagmaal sê Hy dit nog weer met *brood*. En elke Sondag sê Hy dit nog weer met die *Boek*. En die stofmannetjie wat die *blye Boodschap* bedien.

B

Nou wil ek graag u aandag vra vir die woord *bedien*. Ek meen die dominee se beroep is die enigste waarvan ons praat as 'n *bediening*. Wanneer hy die dag aftree, praat ons van sy geseënde bediening. Ons noem hom mos 'n bedienaar van die Woord. Ons is al so gewoond daaraan dat dit nie meer vreemd val op ons ore nie. Maar waarom gebruik ons in hierdie verband die woord *bediening*? Hoe bedien jy 'n woord?

Hoe bedien jy versoening? Kos, ja, dit word bedien. Ons praat van die gehalte van die tafelbediening in 'n restaurant.

Tog interessant dat die woord "bediening" wat Paulus gebruik, ook gebruik is vir die werk van 'n tafelbediende. Destyds was dit 'n baie nederige werk. 'n Tafelbediende was ook maar 'n stofmannetjie. Dit mag ons help om die werk van 'n dominee beter te verstaan.

Wat aan tafel bedien word, is klaar gereed gemaak. Die werk van 'n kok is heeltemal anders as die werk van 'n kelner. Wat die kelner bedien, is elders deur iemand anders berei. Dit geld ook vir die versoening wat Paulus bedien. Hy het dit nie bewerk nie. "Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen"(vs 18). Wat God in die vuur van Golgota berei het, bedien Paulus nou: die versoening, die vergifnis, die vrysprak. Wat God gedoen het, deel Paulus nou uit. Dalk moet ons as dominees die grappie dat ons niks doen nie, meer geniet. Want eintlik is dit waar: "Dit alles is die werk van God". Op Golgota het Christus gejubel: Dit is volbring! Daarom lê die Reformasie klem op die sola Scriptura, die Woord alleen. Omdat alles reeds volbring is, kan God se daad nog net verkondig word. Wat Christus volbring het, kan nog net vertel word. Sy versoening kan nog net toegesê word. Sy verdienste kan nog net bedien word.

Daar was in 'n stadium hier in ons land 'n TV-reeks *Lottery*. Dit het gehandel oor die werk van twee jong mans wat by 'n lotery gewerk het waar mense miljoene rande kon wen. Hulle het die heerlike taak gehad om aan die wenners die blye boodskap te bring. Kan u u voorstel hoe het die twee se gesigte gelyk wanneer hulle met die goeie tyding by die huis aankom? Ek het gedink: Sò moet 'n VDM se gesig lyk. Dit het 'n mens herinner aan die woorde van Jesaja 52:7 wat deur Paulus in Romeine 10:15 op die verkondiger van die evangelie (blye boodskap) van toepassing gemaak word: "Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep; wat aan Sion sê: Jou God is Koning!" Dit is die eintlike werk van 'n dominee. Hy is 'n vreugdebode.

Ongelukkig is die aard van die verkondiging kort na die Hervorming nie meer verstaan nie. Die preek is toe nie meer verstaan as bediening van die volbragte versoening nie, maar dit het ontaard in 'n godsdienstige praatjie. En van alle praatjies is daar niks so vervelig soos 'n vroom praatjie nie. Die preek het die vorm begin aanneem van godsdienstige informasie, goeie advies, selfs ernstige vermaning en aansporing tot wat jy moet doen om met God in die reïne te kom. Hoogstens is die preek nog verstaan as allerlei mededelings oor die heil, maar nie meer (soos die Reformasie dit bedoel het) as mededeling van die heil nie.

Dit hou verband daarmee dat die Bybel as Woord van God verstaan is as 'n bron van allerlei godsdienstige inligting. Dat God ons sy woord gegee het, beteken vir dié wat dit sò sien dat Hy vir ons allerlei informasie gegee het wat jy nie elders kan gaan naslaan nie. Die Bybel ontaard sò tot 'n handboek. Om van 'n handboek te sing: "God het ons sy Woord gegee, en die Woord bly ewig waar", is egter maar moeilik. Maar ons kan wel daarvoor sing, omdat Hy, wanneer Hy ons sy Woord gee, dit doen op dieselde wyse waarop 'n bruidegom sy woord gee vir sy bruid. Sò gee God in die Bybel "sy Woord"! Dit gebeur ook in die Woordverkondiging: God se vergifnis word u toegesprek. Onder die preek word jy vrygesprek, as u wil: vrygesprek. Wie preek, hou immers nie 'n praatjie nie, maar hy bedien die versoening. Soos tydens nagmaal: Neem, eet, dit is my liggaam; dit is my bloed. Volgens Calvin drup dan ook saam met die stem van die prediker, die bloed van Christus op ons neer. Joseph Parker het gesê:

Preaching is shedding of blood. Hy is reg. Net maar: dit is nie die dominee se bloed nie.

Die prediker vertel jou nie wat jy moet doen om gered te word nie; hy vertel jou wat God gedoen het vir jou redding. Jy kan dit nie verdien nie; dit word aan jou bedien. Jy kan dit nie bewerk nie; jy kan dit net maar ontvang. Jy kan net daarvoor dankie sê, of daarvoor bedank. Jy kan dit net aanvaar, of dit laat vaar. Paulus smeek dat ons tog sal aanvaar wat hy bedien. "Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!" (2 Kor 5:20).

Dit is geloof. Die sola Scriptura (die Woord alleen) korrespondeer met die Reformatoriese sola fide (geloof alleen). Al wat jy met God se Woord, sy boodskap, kan doen, is: jy kan Hom op sy Woord neem, of Hom verwerp. Ongelukkig verstaan mense dikwels nie die verband tussen die Woord alleen en die geloof alleen nie. Onbewustelik dink hulle die geloof is my aandeel aan die versoening. Dit bring mee dat hulle hulself probeer red deur hulle geloof. Wanneer 'n mens egter jouself probeer red deur enigiets: jou goeie werke, jou godsdien, ja, ook jou geloof, glo jy nie God se Woord nie. Wie werlik glo, hou op om homself op enige manier (sy bekering, sy wedergeboorte, sy geloof) te probeer red. Hy neem God op sy Woord. Hy aanvaar dat Christus se versoening genoeg is vir al sy sondes - ook vir sy ongeloof. Hy glo Paulus die stofmannetjie. Hy glo God!

D

Hierdie goeie tyding gee hom vreugde. God se vryspraak maak hom vry. Die blye boodskap maak hom bly. En wie bly is, gee daar blyke van.

Ek het netnou verwys na vrolike gesigte van die twee jong mans uit die TV-reeks *Lottery*. Dis nog niks. U moes die gesigte sien van die ontvangers van die blye boodskap. O, dit was pret. Hoe hagliker hulle situasie was, hoe prettiger was dit. Eers hoor hulle nie regtig nie. Dan hoor hulle, maar hulle kan nie hulle ore glo nie. (Dit is immers nooit maklik om 'n goeie tyding te glo nie. Dit is te goed om waar te wees, sê ons.) Dan is hul gesigte pure verbystering. En dan gaan hulle deur die dak. Jy vrees hulle rand die vreugdebodes aan van pure uitbundigheid. O, die vrolikheid, o, die saligheid. Hoe sing ons nou weer? "Diep was ons verlore, Christus is gebore. Juig nou, juig nou!"

Dit het komplete gelyk asof die ontvangers van die goeie tyding nuwe mense was, asof hulle weer gebore was. Dit herinner aan wat Paulus hier skryf in 2 Korinthiërs 5:17: Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens (letterlik: nuwe skepping). Interessant die woord wat Paulus gebruik vir nuut. Daar was twee woorde wat hy kon oorweeg, naamlik *neos* en *kainos*. *Neos* beteken: nuut in die tyd. Dit dui op iets wat nog nie lank daar is nie. Paulus kies egter vir *kainos*. Dit beteken: nuut in hoedanigheid. Dit dui nie maar net op iets wat nog nie lank daar is nie, maar wel op iets wat nog nooit daar was nie. Dit is nuut in die sin van verrassend, ongehoord. Hierdie nuut staan radikaal teenoor oud, soos lig teenoor duisternis, nuwe skepping teenoor ou skepping, koninkryk van God teenoor die koninkryk van hierdie wêreld. Die 1953-vertaling vervolg dan ook:....die ou dinge (d.w.s. Die ou wêreld) het verbygegaan, kyk (hoor u die verrassing?), dit het alles nuut geword.

E

Want hierdie versoening wat die dominee bedien, is nie maar net 'n individuele saak nie. God se versoeningswoord, net soos sy skeppingswoord, skep 'n nuwe wêreld waarin nuwe norme, 'n nuwe gedragswyse, geld. Dit kom skerp na vore in vers 16: Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf

nie. Dit wil sê ons meet mense nou nie meer volgens die norme van die ou skepping nie.

Die kerkvader Augustinus het die koninkryk van God en die koninkryk van hierdie wêreld teenoor mekaar gestel as die koninkryk van nederigheid teenoor die koninkryk van hoogmoed. In die koninkryk van hoogmoed word mense beoordeel volgens menslike maatstaf, met ander woorde, volgens menslike prestasie; in die koninkryk van nederigheid word mense beoordeel volgens genade, of soos die Hervormers sê: sola gratia (genade alleen). In die koninkryk van hoogmoed word mense beoordeel volgens stand en status, ras en klas, grootheid en godsdienstigheid; in die koninkryk van nederigheid geld Galasiërs 3:28: Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal een. Trouens, in die koninkryk van nederigheid bestaan daar 'n uitgesproke voorkeur vir sondears en tollenaars, vir blindes en bedelaars. Terwyl in die koninkryk van hoogmoed ons sonde en ellende ons uit mekaar dryf, bind dit ons juis saam in die koninkryk van nederigheid. Want hoogmoed verdeel, maar God se versoening versamel.

Dit is dan ook gepas dat die Goddelike versoening in die kerk aan ons bedien word deur 'n stofmannetjie.

1) This sermon, being held on Reformation Day 1988, is thematically introduced as dealing with the question of "the Word" as it is "used" by preachers. This question gives it the inner structure.

A: Introducing the main question, informed by the Reformation day context, the preacher asks: What does a preacher actually do? Many answers are given concerning the tasks of the pastor as seen by others and by him/herself. But again the question is repeated. Then referring to the Reformers the sermon sees no doubt about the matter. Taking the "heading" of the sermon pericope (especially 2 Cor 5,18), the answer clearly must be: "The ministry of reconciliation". Then the sermon moves back to the Reformation emphasis on the "word" and the preacher being a "Verbi Divini Minister" argues that Verses 19 and 21 must be the core of the message. A clear distancing from the Roman Catholic and the Orthodox tradition in this regard is made. In contrast to these other traditions the Reformation Church's liturgy, architecture, title for the minister and even ministry of the sacraments all can be seen to emphasise the centrality of the "word".

B: The question of the sermon now centres around the term “ministry” (“bediening”) and some exegetical remarks that the word Paul uses also refers to the work of “serving at table” are given. The fact that what is served at table is already prepared and complete, and that someone else has done this is given great emphasis. Using a TV series called “Lotery” the “joy” of “serving” reconciliation from God is described.

C: The sermon now laments that somehow this understanding of preaching was lost soon after the Reformation. Preaching became a religious task, information, advice, motivation to do something etc. Concomitant with this change came the understanding of Scripture as a source book of religious information. The hearers are brought back to the understanding of preaching as a “giving of the word” as a bridegroom does to his bride. It is the proclamation of actual reconciliation. Then a clear distinction is made between what happens in preaching as a pure proclamation on the one hand and the “usual” way of seeing preaching as telling people what to do to be saved. Referring to 2 Corinthians 5,20 the question is posed: What is the connection between sola scriptura and sola fide? Answer: It is faith in God and not faith in your faith. God’s reconciliation is complete, it even covers your unbelief. (gospel)

D: This brings joy - it changes those completely that hear this good news. With reference to 2 Corinthians 5,17 they are to be seen as a new creation. This “new” is radical.

E: This is not merely an individual matter, it concerns a new world with new norms and values (verse 16). Augustine’s distinction between kingdom of lowliness (“nederigheid”) and the kingdom of haughtiness (“hoogmoed”) is conveyed. In the latter people are judged by their human successes etc. In the former according to “sola gratia”, which means there are no differences that should influence the judgement in any way (Galatians 3,28). Mention


of the preferential option of God for sinners etc. is made in conclusion and thus it is deemed good that such a message be proclaimed by a "little man of dust" (Calvin's comment also cited at the beginning of the sermon).

2) The terms "law" and "gospel" are not explicitly used but implicitly the distinction is guiding and informing the whole sermon.

3) The three uses of the "law" are not in the viewer of this sermon, though the last part of it could be seen as implicitly expressing the **third use**.

4) Appeals are not made but the sermon does argue strongly for a certain understanding of the gospel that expects or implies a certain reaction from the hearers viz. faith.

5) Apart from the strong move to elicit faith from the hearers no practical guidance is given for daily life. Except perhaps in the last part which implies a certain attitude of acceptance towards others that are "different" yet included in the kingdom of "lowliness".



Sermon 5 by Johan Cilliers: *Die aanhef: Tussen genade en gebod*. From: Voorskrif vir vryheid; Oordenkings en Bybelstudie oor die Tien Gebooie (Eksodus 20,1-17). Lux Verbi, Kaapstad, 1991. Pages 13-18
Text: Exodus 20,1-2

A

In 'n klooster in Wittenberg sit hy alleen, vooroorgeboë in diep bepeinsing oor 'n sekere skrifgedeelte. Een vraag brand in sy gemoed: *Waar vind ek 'n God?* Die jaar: ongeveer 1513. Die skrifgedeelte: Romeine 1:17. Die man: 'n toegewyde monnik, genaamd Martin Luther. Maar laat hom self vertel van sy ervaring op die betrokke dag:

“Die woorde ‘regverdig’ en ‘geregtigheid van God’ het deur my gewete geblits. Ek het geskrik. As God regverdig is, dan moet Hy straf. Toe ek eendag in hierdie toring (van die Wittenbergse klooster) nadink oor die woorde van Romeine 1.17, ‘die regverdige sal uit die geloof lewe’, en die ‘geregtigheid van God’, het ek meteens besef: As ons as regverdige uit die geloof moet lewe, en as die geregtigheid van God vir elkeen wat glo tot heil moet word, kan dit nie ons verdienste wees nie, maar enkel en alleen die barmhartigheid van God. So is my gees verkwik. Want die geregtigheid van God bestaan daarin dat ons deur Christus geregverdig en verlos word. Toe het die woorde vir my lieflik geword. In hierdie toring het die Heilige Gees aan my die Skrif geopenbaar”.

Wat Martin Luther op daardie dag herontdek het, was die kosbare leerstuk van die genade, dat die verlossing naamlik “enkel en alleen” deur die barmhartigheid van God geskied, “enkel en alleen” deur sy genade.

Genade. Dit is 'n woordjie wat ons - veral ons as kinders van die Hervorming! - goed ken en goed behoort te ken. Dis een van die vernaamste woorde in ons Christelike woordeskat. Ons hoor dit van kindsbeen af in die kerk. In die prediking, in die liturgie, in Bybelstudiegroepe en Christelike gesprekke. Ons gebruik dit dikwels in ons teologie, getuienisse en gebede. Ja, in die kerk groei ons as't ware in en met die “Genade” op.

En dit hoort ook so. Want met hierdie woord het ons tog by die hartklop van die evangelie gekom, ja, by die hartklop van die wese van God self, want: “Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde” (Ps 103:8). Met hierdie woord het ons die diepste rede en enigste grond vir ons bestaan en voortbestaan uitgespreek.

Waarlik, as dit nie vir die genade was nie, was ons ook nie. Veral nie in die kerk nie. Dink mooi. Wat is dit anders as genade wat ons so ver gebring het, ook deur die donker dieptes van ons lewens heen, tot by hierdie oomblik? En wat is dit anders as genade wat ons verder sal neem, ook deur die trane van die toekoms heen? Wat is dit anders as genade dat die goeie werk wat God in ons begin het end-uit gevoer en voleindig sal word op die dag wanneer Christus Jesus kom? (Fil 1:6) Ons sing mos in die kerk daarvan en tereg, ons moet daarvan sing, mag daarvan sing, kan daarvan sing:

*Alles, alles is genade
Onverdiende guns alleen
Die verlossing uit die kwade
Kan net U, o God, verleen....
-Ges 226:1*

B

Juis daarom is dit so ironies dat hierdie alombekende en veelgebruikte woord juis een van die woorde in die Christelike woordeskat is wat die meeste misverstaan en selfs misbruik word. Feitlik alle ketterye en dwalinge hou op die een of ander wyse verband met 'n verkeerde begrip van die genade. Dit kan baie vorme aanneem. Dit kan byvoorbeeld wees dat ons dinge by die genade voeg wat nie

daar hoort nie, dat ons plustekens op die genade vasplak, omdat ons nie wil aanvaar dat ons van nature so boos is dat ons genade nodig het nie. Genade stuit ons teen ons sondige bors. Ons stamp ons "onafhanklike" kop daarteen. Ons reken dat ons darem 'n teenprestasie voor God kan lewer, dat ons onself darem 'n ent weg na God toe kan opdomkrag.

Ons redeneer so: genade help diegene wat hulleself help. Of meer subtiel: die genade help ons so dat ons onself nou verder kan help. Dan is die bydrae van die genade moontlik vyftig persent, maar ons s'n is ook (ten minste) vyftig persent....

Ons kan natuurlik ook elemente uit die genade wegneem wat wesenlik daartoe behoort: ons kan dit halveer en verskraal. Dan redeneer ons soos volg: As alles dan genade is, vra dit tog geen gehoorsaamheid van my kant nie. Laat ek dan maar eet en drink en vrolik wees, want God sal vergeef. Voltaire het presies dit gesê: "God sal vergeef, dit is mos sy werk. Hy is mos die Hoof van die Departement van Vergifnis!" So kan ons die genade goedkoop maak. Die Duitse teoloog Dietrich Bonhoeffer het hieroor 'n aangrypende boek geskryf: *Nachfolge* (navolging) Hierin sê hy onder meer die volgende: "Goedkoop genade is prediking van die vergifnis sonder verootmoediging; doop sonder die tug van die gemeente, nagmaal sonder belydenis van sonde; absolusie sonder persoonlike bieg. Goedkoop genade is genade sonder navolging, genade sonder kruis, genade sonder die lewende, mensgeworde Jesus Christus..."

C

Maar wat is genade dan? Wat beteken die woord waarin die hartklop van die evangelie saamgevat word? Ek dink ons kan aanvoel dat dit 'n genade, 'n veelseggende woord is. Dat dit menslik gesproke en oënskynlik selfs "teenstrydige" elemente kan bevat. Aan een kant beteken genade ontspanning, rus in die barmhartigheid van God, omdat ek weet dat daar in my geen greintjie goedheid is wat voor God kan regverdig nie. Ja, "nóg gebede nóg geweens kan my red, Heer; U alleen" (Ges. 192:2). Aan die ander kant beteken genade inspanning, roep dit op tot gehoorsaamheid, is trouens 'n onontbeerlike uitvloeisel van genade. Geloof wat nie tot daad kom nie, is tog dood! (Jak 2:26). Genade sê: Dis honderd persent God se werk, en honderd persent ons werk!

Op min plekke sien ons dit so duidelik as juis hier in die inleiding en aanhef tot die tien gebooe. "Toe het God al hierdie gebooe aangekondig: Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. Jy mag naas My geen ander gode hê nie...." Voordat daar sprake is van gehoorsaamheid aan die kant van Israel, spreek God hulle in genade aan. God neem die inisiatief. Hy voer in die eerste plek die woord. Hy deurbreek die swye. Hy tree in 'n verhouding met Israel en dra hierdie verhouding deur sy woord. Voordat Israel daar was, was Hy. Voordat Israel 'n woord kon uiter, sê Hy: "Ek is..." Voordat Israel as volk gevorm is, "toe het God..."

Eksegete is van mening dat dit die eerste keer is dat God sò direk met Israel praat. Hulle het voorheen wel van Hom gehoor, Hom sien handel. Maar nou spreek Hy hulle persoonlik aan. Nou ontmoet Hy hulle - uit genade. God praat met sy volk! En hoe praat Hy nie! Die gode - die ganse aarde - moet swyg. Alle ander aansprake verstom. Op Sinai is daar donderslae, weerlig, vuur en rook. Niemand kan hom of haar hiermee misgis nie; God praat!

Wel was so 'n aanhef nie 'n vreemde element vir Israel nie. In die staatverdrae van die Ou Nabye Ooste tref 'n mens soortgelyke inleidings aan: Voordat die groot Koning kom met sy stipulasies stel hy hom bekend en herinner hy mense aan sy vorige weldade. Israel het geweet dat dit die Groot Koning by uitnemendheid is wat hulle in die tien gebooe aanspreek, dat die gebooe binne die verbondskonteks vir hulle 'n besondere betekenis het, en dat dit moes dien as koninkryksadministrasie. Sò word God se koninkryk geleef!

Kyk, dat God hoegenaamd met ons praat, is nie vanselfsprekend nie. Dat Hy met ons praat is die suising van die wind en die bruising van die

branders, is genade. Dat Hy veral met ons praat deur sy Woord en sy Gees, deur die prediking, erediens en sakrament, is genade op genade. Wie maar net iets hiervan begryp, moet gehoorsaam wees, ja, wil gehoorsaam antwoord...

Hierby hou dit egter nie op nie. Want God praat nie maar net soos ons dikwels praat nie. Sy stem galm nie op aarde soos oor 'n megafoon nie. Nee, wanneer Hy praat, is Hy self daarby. In sy woorde kom Hy self tot ons. Sy woorde beliggaam Homself. Hy openbaar sy naam, dit wil sê sy diepste wese, aan ons. Sy Naam is: "die Here jou God". Sommige uitleggers vertaal: "Ek, die Here, is jou God..." "Hoe ons ook al die klem plaas, die troos is onmiskenbaar: *jou* God wat *jou* uit Egipte...God waag dit in 'n intieme verhouding met sy volk, Hy gee Homself in sekere sin aan hulle prys. Hy is God!

Dié Een wat Homself aan ons openbaar, wat ons God is, is dus nie 'n X-faktor in die heelal nie, nie 'n statiese begripstelsel of 'n menslike filosofie nie, nie die mistiek van skepping en natuur, of die opwelling van die vroom menslike gemoed nie, maar 'n *persoon*. Met 'n *Naam*. Vol *Liefde*. 'n *Vader*. Hy is weliswaar die God van Abraham, Isak en Jakob, maar ook die God en Vader van ons Here Jesus Christus, en daarom *ons* God en Vader. God se woord het in Christus mens geword, is in Hom letterlik beliggaam, sodat ons kan sê: ons Vader! Ja, wie veral iets hiervan begryp, moet antwoord, wil gehoor gee en gehoorsaam wees...

D

Maar ook hier hou dit nie op nie. Want waar God sò praat, waar Hy Homself sò uit-praat, volg bevryding vir dié wat hoor. God maak geskiedenis, *heilsgeskiedenis, bevrydingsgeskiedenis*. Hy is immers die Een wat Israel uit Egipte, *uit die plek van slawerny, bevry het*. Die opskrif bo die tien gebooe sou daarom kon lui: *Voorskrif vir vryheid!*

Die woord "vryheid" of "bevryding" is tans in die lug. Soos "genade" is dit ook 'n veelgebruikte term. Mense praat van "bevrydingsbewegings", van "vryheidsvegters", van 'n eerste, tweede en derde "vryheidstryd", ensovoorts. God se bevryding het beslis veel ten opsigte van en vir menslike vryheidstrewes en vryheidsideale te sê. Maar ons kan dit nie summier en klankloos identifiseer nie. Israel se bevryding uit Egipte was byvoorbeeld veel meer as bloot 'n politieke bevryding onder die hiel van Egiptenaars uit. Dit was ook veel meer as 'n ekonomiese bevryding tot 'n beter bedeling of 'n geografiese bevryding en verskuiwing na 'n nuwe "vaderland". Dit was 'n unieke bevryding, 'n bevryding tot 'n *nuwe identiteit*, naamlik om volk van God te wees. Dit sluit daarom ook in die bevryding van sonde, van die slawebande en die slawehuis van sonde. Hierdie bevryding is *verlossing*, in die omvattendste sin van die woord.

Dis ook 'n bevryding tot *diensbaarheid*. God maak ons nie vry om losbandig te wees nie. Hy maak ons vry vir Homself...en vir ons medemens. Dié vryheid vloei oor in gehoorsaamheid. Die genade roep om die gebod. Dis daarom nie toevallig nie dat dieselfde Martin Luther wat die genoegsaamheid van die genade vir die kerk herontdek het, altyd, en daarmee saam, die klem geplaas het op die gehoorsaamheid aan die navolging van Christus. Wanneer Luther een van sy mooiste geskrifte skryf, *Die vryheid van 'n Christen*, wys hy daarop dat ware vryheid altyd vryheid tot diensbaarheid is - aan God (die eerste tafel van die wet) en aan die medemens (die tweede tafel). Ja, wie deur God bevry word, word geroep om die gebod van liefde te vervul. Dit kan nie anders nie!

E

Dit tref my telkens weer hoe naatloos die "verbinding" tussen *genade* en *gebod* in die aanhef tot die tien gebooe verloop. Daar is geen pousering nie, geen ongemaklike stilte in God se aankondiging nie. Sonder 'n ripling vloei dit aaneen, pas dit inmekaar: "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. Jy mag naas My geen ander gode hê nie..." Want so is dit: wie die genade hoor en begryp, moet, mag, *kàn* die gebod vervul! Dis nie

opsioneel nie, dis deel van die pakket van genade, deel van die hartklop van die evangelie!

Dat dit tog weer by ons Wittenberg kan word! Dat dit tog deur ons gewetes blits en ons deur die Gees van die Skrif verlig word! Dat dit sò by ons Wittenberg word dat ons gehoorsaam en diensbaar word. Dat ons genade ontvang om die genade te verstaan. Miskien is dit die grootste genade van alles....

1) This sermon is part of a series covering the 10 commandments in detail, so in a sense it is unfair to take only one of the sermons for our analysis. However looking at this one sermon does bring out certain theological dynamics ("grace" and "law") very clearly. It can be structured as follows:

A: Using Luther's breakthrough experience of "grace" as an introduction, the preacher homes in on the concept of grace being our gospel lifeblood in the church. (**explained gospel**)

B: Ironically this very central word of our faith is one of the most misunderstood ones. Nearly all heresies basically involve a "wrong" understanding of "grace". Some examples are mentioned:

- Where grace *and* something else is needed.
- Where grace is the *initiator* but the people then have to do the work of salvation with its help.
- Where something is *subtracted* from grace, making it "cheap grace" (Bonhoeffer).

C: What does it mean then? The preacher gives an answer that poses grace as a term of dynamic tension. E.g. "Rest" and "action", total passivity on the one hand and total obedience on the other. And now the text (Exodus 20,1-2) is brought into view, focussing on the idea that here we have exactly this dynamism of grace present in these words. God is the initiator, the liberator etc. God meets his people and speaks to them - this is grace. God insists that He is the God of these people - this is grace.

D: But then God does not stop there, he initiates a liberation history for his people, they are to be freed from the slavery in Egypt. "Freedom" as

buzzword is looked at and the liberation that is meant by the text contrasted to it. It is deemed to be much more. A new identity for the people of God, salvation in the most encompassing sense. It is also liberation for service. God frees us for Himself and for our "co-humans". This flows into obedience, calls to rally us around the commandments. Luther's call to obedient discipleship as a result of salvation by grace is cited (ref to his famous work on the "Freedom of the Christian") and therefore freedom is always to be seen as a freedom for service (**gospel - third use**).

E: Concluding with a reiteration of the seamless connection between "grace" and "commandment" in the text, the preacher says: "He who hears and grasps this grace must, may, can fulfil the commandments." This is not optional but "part of the package", and thus an appeal is made for it to become "Wittenberg" again among us, in such a way that we become obedient and ready for service. This intimate connection between "gospel" and "law" is already made clear by the title of the book: "Voorskrif vir Vryheid" (Prescription for Freedom).

2) In referring to Luther's "grace experience" the preacher touches on the original dynamic distinction between "law" and "gospel", but then homes in on grace and its effects, thus bringing in a different dynamic, one between "**gospel**" and the "**third use**" of the "law" as a natural and obligatory outflowing of grace.

3) In a sense the "first and second uses" of the "law" do not feature in this sermon. Although the "**second use**" is implicit in Luther's experience, it is not clear whether the preacher is aware of this for the purposes of the sermon.

4) The **appeal and expectation** is very clearly made: "That it become Wittenberg" again among us. "Grace" and the "third use" of the "law" are brought together into an ontological union. This is to my understanding not exactly what the "Wittenberg experience" of Luther signifies. Luther learned to distinguish "law" (its second use) from "gospel" and this implies a strong, indeed nearly irreconcilable antithesis between "grace" and "commandment", which is totally absent from this sermon.

5) No practical guidance for living in the "real world" is given in this sermon, but hearers are left to work out the practical consequences of this sermon for their own lives.

Sermon 6 by Johan Taute: Versoening as roeping van die kerk. From: Seisoen vir versoening; Teologiese riglyne en preke oor die bediening van die versoening. Lux Verbi, Kaapstad, 1993. Pages 58-65

Text: 2 Corinthians 5,11-21

4. Versoening as roeping van die kerk

2 Kor 5:11-21: *Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou (vers 18).*

2 Kor. 5:11-21 vorm deel van die groter verband van 2 Kor. 5:1-6:10 wat handel oor die *inhoud* van die apostoliese boodskap. Die kern van hierdie boodskap is die *bediening van die versoening* (5:18-19). Dit volg op die res van die perikoop waarin beskrywe word dat Christus se sterwe die versoening bewerk het (v14-15) en dat diegene wat in Christus is, deel is van die nuwe "skepping" (v17). In hierdie gedeelte vind ons 'n skets van *God se versoeningsprogram* vir mens en wêreld.

A

Uit die vorige preke behoort dit duidelik te wees wat die omvang van die versteurde verhoudinge is waarvoor die versoeningswerk van Christus die oplossing wil bied. Die sonde wat die gebrokenheid veroorsaak het, is naamlik veel meer as persoonlike *skuld*. Dit is ook 'n *mag* met allerlei vernietigende *gevolge* vir die mens, die kerk en die wêreld. Die sonde is die oorsaak van alle versteurde verhoudinge: tussen God en mens, mens en mens en ook tussen mens en die wêreld. Die vraag is: *Hoe kan so 'n gebroke wêreld weer heel word en wat is die rol van die kerk in God se versoeningsprogram?*

B

God se versoeningsprogram vir 'n gebroke wêreld

Die groot Argitek het 'n wonderlike plan van aksie uitgewerk as antwoord op die omvangryke nood van 'n gebroke wêreld. Sy plan behels 'n omvattende versoeningsprogram wat Paulus die *bediening van die versoening* noem. Dit is 'n volgehoute aksie en 'n voortgaande *proses* wat bedoel is om deur te werk na alle terreine van die lewe: persoonlik (Rom 5), kerklik en sosiaal (Efes 2) en na

die hele wêreld (Kol 1). God se koninkryk is 'n ryk van vrede vir mens en wêreld.

C

Versoeningsagente en medewerkers van God

God het besluit om die gelowiges in te sluit as aktiewe deelnemers aan sy versoeningsprogram vir die wêreld. Ons is sy *versoeningsagente* (v20) aan wie Hy die bediening van die versoening toevertrou het (v18). Ons word opgeroep tot volhardende en getroue diens as instrumente van versoening en vrede. Dit is ons pligstaats van Hom wat ons deur Christus met Homself versoen het (v18). Ons taak is om die versoening te bewerk deur die sonde en gebrokenheid van die wêreld te oorwin. Gelukkig kan ons as "gesante" optree en ons sending uitvoer met die gesag en volmag van Hom wat ons stuur.

Die plaasvervangende sterwe van Jesus Christus is die grondslag en vertrekpunt van alle versoening (v14b-15). God se versoeningsprogram *begin* egter net by die kruis. Die betekenis en implikasies van hierdie Goddelike inisiatief moet nou deur die kerk uitgeleef en sigbaar gemaak word. Christus het die gelowige met God versoen tot die status van 'n "nuwe mens" (v17). Hierdie "nuwe mens" word noodwendig geroep tot betrokkenheid by die versoening van die hele wêreld.

In verse 18-21 vind ons 'n nuwe wisselwerking tussen die versoeningsdaad van Christus en die gelowiges se bediening van die versoening. God het die versoening eenmalig bewerk en skenk terselfdertyd die bediening of diens (diakonia) van die versoening aan die gelowiges. Ons nuwe verhouding met God bring noodwendig ook 'n nuwe verhouding met mekaar en 'n nuwe verantwoordelikheid vir medemens en wêreld.

Versoening is ook die primêre inhoud van die boodskap van die kerk. Elke gelowige is met sy inlywing in Christus gelyktydig ook geroep tot versoeningsprofeet. Dit behels die oproep tot versoening met God (v20, vgl. Rom 5), tot versoening tussen mense (Efes 2) en tot die herstel van die gebrokenheid van die hele wêreld (Kol 1).

Die gelowige wat sy versoening met God reg verstaan, word deur die liefde van Christus *gedwing* tot arbeid as versoeningsagent in God se koninkryk (v14)!

Elkeen wat deel in die voorreg van God se versoeningswerk en in die voorreg om vrede met God te kan hê, elkeen met ewige heil en sekuriteit, kan nie anders nie as om oor te loop van God se versoeningsgenade. Vanuit sy versoening met God kan die gelowige dus nie anders nie as om ander met die boodskap van versoening te dien en te bedien.

Die betekenis van die bediening van die versoening vir elke individuele mens, vir die kerk, vir die samelewing en die hele wêreld, is reeds uitgespel in die vorige preke. Vanweë die aktuele belang van versoening in die Suid-Afrikaanse samelewing, volg verdere rigtingwysers vir die bediening van die versoening op hierdie terrein. Twee vereistes en twee take van die versoeningsagent word vervolgens aangedui.

D i)

Vereistes vir versoeningsagente

Christus het sy lewe gegee as daad van liefde om ons met God te versoen. Hoeveel is ons bereid om te doen? Versoening kom nie vanself nie, dit vra 'n prys en opoffering! Dit behels onder meer selfverloëning en 'n nuwe beskouing van die medemens.

Selfverloëning

Versoendes in Christus is mense wat "nie meer vir hulleself moet lewe nie" (v15), maar vir Christus en vir ander. Hulle dien nie meer hulle eie belange nie maar, soos Christus, die belange van ander. Selfhandhawing moet plek maak vir

selfverloëning en eie-belang vir Christus-belang. Selfsug is verby, want Christus het alles kom nuut maak vir deelnemers aan God se versoeningsprogram. Die eerste noodsaaklike stap in die lewe van die versoeningsagent is eerlike *selfondersoek en selfverloëning*. Solank die suigrag van 'n persoon se eie begeertes en belange of sy vrese sy gedrag bepaal, kan hy nie ander dien met die versoening nie. Deelname aan versoening vra verootmoediging en eerlike selfondersoek - vir individue en kerke. Niemand is immers sonder skuld nie; almal het 'n aandeel aan die gebrokenheid van die wêreld. Daarom moet ons oppas! - Selfregverdiging staan in die weg van die realisering van God se versoeningsprogram. Versoeningsagente moet seker maak dat hulle nie dalk self deel van die probleem is nie.

Die bediening van die versoening in die wêreld is so totaal anders as 'n politieke magspel waar elkeen beding vir die maksimum voordeel vir homself. Nee, die bediening van die versoening is 'n "diens" - 'n bereidheid om die eerste tree te gee, om die tweede myl saam te loop. Hierdie diens behels die bereidheid om *eerste* die hand uit te steek en die inisiatief te neem. Daarom sê Jesus: "Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word" (Matt 5:9). (Die praktiese betekenis van selfverloëning word hieronder verder verduidelik onder die opskrif: *Die bediening van die versoening as kruisweg*).

'n Nuwe mensbeskouing

Deelnemers aan God se versoeningsprogram is ook nuut in hulle *mensbeskouing*; dit wil sê in hulle beoordeling van ander (v16). Ander word nie meer volgens die oë van die wêreld in "menslike maatstaf" gemeet nie - die lei al te maklik tot vooroordele, wantroue, geringskating, verdagmakery, haat, rassisme en selfs tot geweld teen mekaar. Die "nuwe mens" sien ander soos Christus hulle sien. Daarom volg die liefde in die gestalte van openheid, aanvaarding, respek, vertroue en vergifnis (vgl Rom 12). Verder word daar ruimte en nuwe lewensmoontlikhede geskep vir die medemens en word sy voordeel nagejaag (1 Kor 6:13). Dit is God se wenresep vir versoening!

Een van die grootste probleme in ons samelewing is die onvermoë van mense om hulle in die posisie van ander in te dink. Geen wonder nie dat ons so ver vervreem en verwyder is van mekaar. In hierdie wêreld van vervreemding leef ons met misverstande en word die beeld van die ander deur stereotipes en wanindrukke verduister. Die bediening van die versoening vra mense wat bereid is om uit hierdie bese kringloop te breek en oor grense heen in die skoene van ander te gaan staan. Eers dan kan ons ander gaan dien en bedien met liefde en versoening.

ii)

Take van versoeningsagente

Draers van geregtigheidswaardes

Dit is die taak van die kerk en dus van alle gelowiges as versoeningsagente om geregtigheidswaardes in sowel die *harte* van mense, as in die *samelewing en sosiale strukture*, te vestig en uit te bou. In die bediening van die versoening is dit die enigste geloofwaardige weg na ware en blywende versoening in die samelewing.

Fasiliteerder van gesprekvoering

Deurlopende kommunikasie is onontbeerlik in die versoeningsproses. In 'n konflik moet die kerk bydra tot die bevordering van kommunikasie en die vestiging van kommunikasiestrukture sodat gereelde blootstelling en interaksie kan plaasvind. Die kerk kan ook help om dooiepunte in onderhandelinge te deurbreek deur as fasiliteerder van gesprekvoering op te tree.

Tydens gesprekvoering kan mites, stereotipes, ideologiese interpretasies van die werklikheid en ander valse persepsies ontdek en aangedui word. Verder word opponente se verwysingsraamwerke verbreed deur die blootstelling aan nuwe

inligting. Sodoende kan die *waarheid* oor die konflik en die werklike oorsake al duideliker na vore kom. 'n Gemeenskaplike analise van die probleem kan ook help om 'n gesamentlike strategie te vind vir die oplossing. In hierdie kommunikasieproses word wedersydse respek, begrip en aanvaarding ook bevorder.

Die "nuwe mens" as versoeningsagent kan op hierdie wyse help om klowe van vervreemding te oorbrug. Die bevordering van kommunikasie is 'n belangrike taak as deel van die kerk se bediening van die versoening. Een van die geheime in die versoeningsproses is luister en nogmaals luister na mekaar - "Als niemand luistert naar niemand vallen er doden in plaats van woorden"! (Jona Beranová).

E

Die bediening van die versoening as kruisweg

Versoeners, vredemakers en bemiddelaars beland dikwels tussen strydende partye in die spervuur van 'n konflik. Die rede is 'n kompromislose keuse vir die waarheid, vir ware geregtigheid en duur versoening. Die wêreld verdra nie versoeners wat hulle gewetens op alle moontlike maniere aanspreek nie. Dikwels vind versoeners geen "tuiste" nie en ontvang hulle min steun van mense.

Versoeners word dikwels gekneus soos die appels aan die kante van 'n kis.

Dikwels voer die versoeningsagent ook uiters ongewilde handelinge uit, soos *skuldbelydenis* of *vergifnis*. Diegene wat nog volgens die reëls van

selfregverdiging en vergelding leef, kan dit natuurlik nie verstaan of verdra nie.

Juis daarom is selfverloëning as vereiste van die versoeningsagent (vgl hierbo),

'n essensiële deel van die bediening van die versoening as *kruisweg*.

Die rol van die versoener mag nie verwar word met "neutrale" onbetrokkenheid en passiwiteit nie. Die kruisweg beteken om ondubbelsinnig kant te kies vir die

waarheid en teen alle onreg. Dit behels verder die aanvaarding van

verantwoordelikheid vir sowel die eie aandeel as die oplossing van die konflik.

Solank die fout, die oorsaak en die sondebok altyd elders gesoek word, kan die versoeningsproses nie op weg kom nie.

Alhoewel die kruisweg deur die wêreld as swaakheid verwerp word, is dit die weg

van *geloofsvolwassenheid*. Ware grootheid en krag volgens die evangelie lê juis

opgesluit in 'n nederige dienskneggestalte - in hierdie geval in die diens of

bediening van die versoening (vgl ook 2 Kor 12:9-10).

Prakties kan die kruisweg van selfverloëning die volgende beteken in 'n konfliktsituasie:

- Die oorsake van konflik moet deur albei partye geïdentifiseer word (vgl A.4.3 - geregtigheidswaardes as maatstaf vir die beoordeling van die oorsake).
- Die skuldige party moet *berou* toon en bereid wees om sowel die oorsake as die konsekwensies daarvan, sover as moontlik te verwyder - dit is sy kruisweg.
- Die benadeelde party moet bereid wees om te *vergewe* en om vrede te maak met dié oorsake en konsekwensies wat *nie* kan verander nie - dit is sy kruisweg.
- Die twee partye moet *ooreenkom om gemeenskap ten volle te herstel* op die basis van geregtigheid en gelykwaardigheid.

Berou en skuldbelydenis is 'n wesenlike deel van die versoeningsproses. Die kruisweg vereis dat skuld eerlik, duidelik en openhartig bely sal word teenoor mekaar. Die egtheid van hierdie belydenis word bewys in die bereidheid om alle oorsake van onversoendheid te verwyder en alle skade wat daardeur aangerig is, so ver as moontlik reg te stel. *Berou en skuldbelydenis* impliseer altyd 'n nuwe lewe - op sy minste 'n opregte voorneme om te strewe na sosiale geregtigheid vir almal.

Vergifnis is net so 'n noodsaaklike deel van die versoeningsproses. Vir die veronregte is die deurlopende *bereidheid* tot vergifnis en die aanvaarding van

konsekwensies wat nie kan verander nie, sy kruisweg. Hierdie bereidheid maak dit ook makliker vir die skuldige party om sy skuld reg te stel. Vergifnis is egter nie 'n kompromie met die sonde nie. Daarom kan dit net 'n volle werklikheid wees indien dit volg op 'n egte skuldbelydenis en die voorneme van skuldiges om die onreg (so ver as moontlik) te herstel.

Vir versoeningsagente is skuldbelydenis en vergifnis 'n *lewenstyl*. As essensiële stappe in die versoeningsproses is dit dikwels 'n pynlike proses, maar dit is die geboortepyne van 'n nuwe toekoms. Dit is deel van die kruisweg wat lei tot die herstel van gemeenskap tussen mense; dit is die fondament waarop die gebou van egte versoening in reg en geregtigheid kan verrys.

Die mense van die wêreld het die groot Versoener gekruisig. In navolging van Hom is die kruisweg van die bediening van versoening ook ons roeping. Jesus het immers self gesê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis dra en My volg..." (Matt 16:24).

F

Slot

Volgens die jongste sensus assosieer ongeveer driekwart van die Suid-Afrikaanse bevolking met die Christelike geloof. Hier is dus 'n geweldige potensiaal vir die stigting van versoening en vrede (die vrug van versoening) onder ons opgesluit. Ons sal egter daarna moet strewe om soveel as moontlik instrumente in te stem op die melodie van versoening. In die mate waarin die vals note verdring kan word en meer en meer instrumente die versoening dien en bedien, sal God se bedoelde vredeslied al meer hoorbaar word!

Vrede begin by die "nuwe mens" in Christus wat as versoeningsagent deelneem aan die groot Argitek se versoeningsprogram. In die mate waarin die kerk die bediening van die versoening verkondig en utoileef, kom vrede tussen God en mens, asook tussen mens en medemens, tot stand. As alle versoendes met God hierdie kragtige boodskap vir die gebroke wêreld verstaan, kan hulle tekens van versoening oprig by elke moontlike geleentheid. Selfs enkele tekens het reeds krag en betekenis. Tekens gee hoop, en hou die visie lewend vir God se koninkryk van vrede.

As elke gelowige die gebed van die heilige Fransiscus daagliks bid en leef, kan Suid-Afrika onmoontlik dieselfde bly:

Here maak my 'n instrument van u vrede;
Waar daar haat is, laat my liefde bring;
Waar daar leed is, laat my die gees van vergifnis bring;
Waar daar twyfel is, gee dat ek u geloof mag versprei;
Waar daar wanhoop is, help my om hoop te bring;
Waar duisternis is, om lig te bring;
Waar droefheid is, om vreugde te skep.

Mag ons wonderlike Hemelse Vader, die Inisieerder van alle versoening, die lof en eer ontvang vir sy heerlike versoeningsprogram wat vrede vir mens en wêreld moontlik gemaak het. Mag die versoeningswerk van Christus aan die kruis ons opnuut aangryp en lei om Hom daagliks in die kruisweg na te volg. Mag die Gees van Christus elke gelowige inspireer en toerus om getroue versoeningsagente te wees. Amen.

Because this sermon is published as part of a series about reconciliation it is perhaps again not quite "right" to use it separately for analysis. But it does show up some of the important dynamics under discussion.

1) Structure

A: The introductory paragraph refers back to the previous sermons and their depiction of the extent to which relationships are broken and in need of the reconciliation wrought by Christ. Sin is presented as the power that has such destroying consequences for people, church and world. The question the preacher pursues is this: How can such a broken world be healed and what is the role of the church in this process?

B: The second part gives a definitive answer to this question: "God's reconciliatory program for a broken world". Paul's "ministry of reconciliation" is introduced as God's plan and process that is to work through all levels of life: personal, church, social and world.

C: To launch this program God has decided to include the faithful as active agents and co-workers. The basis of reconciliation is the vicarious dying of Jesus Christ - but the meaning of this divine initiative must now be lived out by the church. Verses 18-21 of the text are recalled to emphasise the close relationship between Christ's reconciliation and the believers ministry of reconciliation. We are "forced" to be agents of reconciliation. One can't do otherwise but to serve and minister the message of reconciliation (**gospel and third use in union**).

D: Because this is so important to the present situation in South Africa, the consequences are spelled out in terms of two "obligations" i) and two tasks ii) of agents of reconciliation:

- i) - denial of self and a new view of humans.
- ii) Carrying the values of justice into the hearts and structures of society and facilitate communication for reconciliation.

E: The ministry of reconciliation is a "way of the cross". Although it is a way scorned by the world it is the way of "faith-maturity" and can involve the following in practice:

- the causes of conflict must be identified by both parties.
- the guilty party must show remorse and be prepared to remove the causes and consequences of the conflict.
- The disadvantaged must be prepared to forgive and make peace with those things that cannot be changed.
- Both parties must agree to repair the communion fully on the basis of justice and "equal worth".

These points are further explained with the emphasis on the remorse and confession as practical steps on the way of the cross. Also the forgiveness is deemed to be an indispensable part of the process of reconciliation. The latter being the way of the cross for the disadvantaged party.

For reconciliation-agents confession and forgiveness become a "lifestyle" (Mt 16,24).

F: In closing the sermon refers to statistical fact that three quarters of South Africa's population associate with the Christian faith. This is seen as constituting a massive potential for reconciliation and peace. We, however, need to strive to tune as many instruments as possible to the tune of reconciliation. Peace begins with the "new human in Christ", that works/participates as an agent of reconciliation in the great architect's program of reconciliation. This is seen as the task of the church and finally of every believer (quote from St. Francis Prayer for peace work) and the heavenly Father is involved as the initiator of reconciliation. May this grip us anew and lead us daily on the way of the cross.

(Criteria 2+3): No explicit mention is made of "law" or "gospel". However, the gospel message is clearly identified as reconciliation and posited as the starting point for everything else. Implicitly there is a distinction

detectable vaguely between what God does in Christ and our response i.e. "third use".

4) On the whole the sermon has a very strong appeal to reconciliatory action as the "right" response to God's reconciliation - this is what is expected from Christian believers.

5) A whole set of practical steps is offered for those who would want to respond positively to the appeal of the sermon. In this sense a **very helpful** sermon for "life in the real world" of South Africa and its conflicts. But what prevents it from being heard and misunderstood legalistically?

Sermon 7 by Dirkie Smit: "Die vrug van die Gees is Liefde". From: *Gesigte van die Liefde; Om te leef soos God se mense, Meditasies oor die vrug van die Gees*. Lux Verbi, Kaapstad, 1998. Pages 29-36
Texts: Galatians 5, 14, 22; and 1 John 3, 18

Wat wil die Gees in ons bereik?
Die liefde.

Daaroor kan daar geen twyfel bestaan nie. Die hele Nuwe Testament is vol daarvan. Ook Galasiërs maak dit duidelik. Die vrug van die Gees is liefde (5:22). Vers 14 sê dit reeds uitdruklik. "Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

Liefde is nie één van die vrugte van die Gees, naas ander nie, maar die enigste vrug. Al die ander is slegs gesigte van dié liefde, aspekte daarvan, gestaltes, voorbeelde, konkrete toepassings daarvan.

Die vrug van die Gees is liefde.

En dis geen wonder nie. Want Gód is liefde. Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde (1 Joh. 4:8). God is liefde, en wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hulle (1 Joh. 4:16).

"God is liefde". Populêre woorde. En boonop wáár.

Die probleem is egter dat ons dit maklik omdraai. En begin sê: *liefde is god*. En dan vergoddelik en aanbid ons maklik ons eie opvatting van liefde. Vanaf vrye, losbandige seksualiteit, tot enge, selfsugtige volk- en groeps liefde, tot watter vorm van liefde ook al. Die logika bly dieselfde. Ons begin by ons eie - vleeslike - soort liefde, en noem dít "god".

Daarom moet ons 'n andersom logika volg as ons wil verstaan wat die Gees wil bereik met ons. As ons begryp dat God liefde is, dan moet ons luister na wat God Self sê oor liefde. En dít is die liefde wat ons moet openbaar.

Wat sê God oor dié liefde?

Baie! En in die komende meditasies sal ons langer aandag gee aan enkele *gesigte van dié Liefde*. Ons begin met 'n paar aspekte daarvan wat duidelik word uit hoofstukke 3 en 4 van 1 Johannes. Dis immers nie sonder goeie rede dat Johannes "apostel van die liefde" genoem word nie....

B

2.

Die eerste wat Johannes duidelik maak, is dat die liefde wat God is, bereid is om die inisiatief te neem.

Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as 'n versoening vir ons sondes (1 Joh. 4:10). Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het (1 Joh. 4:19). Dit beteken: hierdie liefde word nie opgeroep deur die voorwerp van die liefde nie.

Dit is juis die verskil tussen natuurlike liefde, waarmee niks verkeerd is nie! wat eweneens 'n goeie gawe van God is! waarmee God ook ons lewe vul met genade en seën! en, aan die ander kant, die Christelike liefde, die sogenaamde *agape*-liefde.

Natuurlike liefdes, soos erotiese liefde of vriendskap of aangetrokkenheid is liefdes *ter wille van*. Dis vorme van liefde wat feitlik vanselfsprekend opgeroep word, natuurlik, werktuiglik deur die voorwerp van die liefde. Omdat iemand vir ons mooi is, of vriendelik of gaaf is met ons, of van dieselfde familie of afkoms is as ons, of wat ook al. Daar is 'n rede vir ons liefde teenoor hulle. Dit word in ons opgeroep, gemotiveer deur iets in hulle.

Maar die Christelike liefde is liefde *ten spyte van*. Soos God se liefde teenoor ons. Hy het ons eerste liefgehad. Sonder enige rede of motivering aan ons kant. Om die waarheid te sê, toe ons nog God se vyande was. Goddeloos. Sondaars. Toe het God - ten spyte van ons - sy Seun gestuur om ons met Hom te versoen en ons sondes te vergeef. Uit liefde.

Baie mense verstaan nie hierdie onderskeid nie. En daarom verstaan hulle ook nie die diepste aard van die Christelike liefde nie. En dan neem hulle aanstoot as die evangelie sê dat ons ander moet liefhê, mense wat ver van ons af is, wat anders is as ons, wat ons nie regtig aanstaan nie, van wie ons van nature nie regtig hou nie - tot op die punt dat hulle dalk ons vyande kan wees.

Mense wat nie die Christelike liefde mooi verstaan nie, dink net in terme van natuurlik vorme van liefde. En dan vererg hulle hulle oor sulke oproepe tot liefde. Hulle begryp eenvoudig nie hoe daar van hulle verwag kan word om te hou van sekere mense, om aangename, warme gevoelens teenoor sekere mense te koester - mense van wie hulle inderwaarheid nie juis hou nie.

Maar: die Christelike liefde is van 'n ander aard. En daarom kan die Bybel dit beveel.

Natuurlike liefde kan 'n mens nie beveel nie! Dit word uitgelok, dit ontvlam vanself, of dit is nie daar nie.

Maar *agape*, die Christelike liefde wat die Bybel van ons eis, wortel in 'n ander gesindheid. Wat die inhoud, die talle verskillende gestaltes, die gedaantes, die *gesigte* van hierdie Christelike liefde is, sal mettertyd duideliker word, soos wat ons verder blaai en lees.

Allereers moet ons egter sien: hierdie liefde wortel in die bereidheid om die *inisiatief te neem*. Soos God teenoor ons die inisiatief geneem het en ons eerste liefgehad het...

C

3.

Die tweede aspek, wat direk daarmee saamhang, is dat hierdie liefde bestaan in *selfopoffering, selfprysgawe*.

Hiëraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewe vir ons broers af te lê (1 Joh. 3:16).

Dié liefde - wat God is - het 'n prys gekos, die hoogste prys gekos.

Sonder enige rede, sonder enige verdienste aan ons kant, was Jesus bereid om hierdie pad enduit vir ons te loop. En daarom - skryf Johannes - moet ons bereid

wees om hierdie pad enduit vir ánder te loop. Martin Luther sou hiervan sê dat die Christelike naasteliefde eers dáár nodig word waar die naaste ons krenk en net ons haat verdien.

En Jesus Self het opgemerk dat, as ons net diegene sou liefhê wat vir óns liefhet, ons geen loon sou hê nie, omdat almal dít doen!

Ware liefde, Christelike liefde, is liefde wat bereid is om die pad te loop van die minste te wees, te dien, die pad van selfprysgawe. Dit is omtrent nie nodig om dit uitdruklik toe te pas op ons lewe, ons huwelike, ons menseverhoudinge nie. Dit is vanselfsprekend. Net dít: Christelike liefde sê nie: eers vat ek vir myself wat ek wil hê en dan gun ek jou dieselfde nie.

Christelike liefde sê: wat myne is, is joune, tot selfs my lewe, want Christus het syne vir my gegee.

'n Bekende skrifuitlegger verklaar dít só: Christelike liefde is die bereidheid om dít wat waarde het vir my eie lewe oor te gee sodat dít die lewe van ander kan verryk (Dodd).

Wat waarde het vir my eie lewe?

Ja! My tyd, my kragte, my besittings, my vriendskap, my geleenthede, my vermoëns....

D

4.

Maar daar word ook 'n *derde* aspek van hierdie liefde - wat God is - duidelik uit hoofstukke 3 en 4 van 1 Johannes. Dit is dat hierdie liefde - wat die inisiatief neem, ten spyte van, wat bereid is tot selfoorgawe - nie 'n blote gesindheid of praatjies vra nie, maar *dade*.

Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly maar geen gevoel vir hom het nie - in die woorde van die 1933-vertaling: "sy hart vir hom toesluit" - hoe kan die liefde van God in hom wees? Ons liefde moenie net met woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad en in waarheid bewys word, en dan in opregtheid (1 Joh. 3:17-18).

Dis tog duidelik!

Ons dink dikwels met liefde word 'n *gevoel* bedoel, 'n sterk emosie, 'n gewaarwording. 'n emosionele toegeneendheid. Maar dis *nie* wat Jóhannes met liefde bedoel nie.

Ook Luther sou in kommentaar hieroor teenoor teoloë van sy dag sê dat die liefde geen verborge toestand is nie, maar sigbare, praktiese *dade*.

Ons is so maklik blote praatjiesmakers. Ons word (kastig!) so opgewonde oor die nood van ander, maar as dít by konkrete dóén kom, is ons so traag.

Dit is selfs so maklik die geval in liefdesverhoudinge. Dit help tog nie 'n man sê hy het 'n vrou lief - al betuig hy dít hóé hartstogtelik en oortuigend en aanhoudend - as hy diep in sy hart eintlik homsêlf liefhet en die ekstase van die verhouding, en wat hy daaruit kan haal, nie? Dis tog nie liefde nie? As hy haar waarlik liefhet, sal hy dít tog deur *dade* wys: deur vir haar om te gee, haar gevoelens te respekteer, *haar* voordeel te soek?

E

God se liefde teenoor ons, sê Jóhannes, is een waarin Hy die inisiatief geneem het, ten spyte van wat ons was. En Hy het sy eie Seun oorgegee, vir ons, in 'n konkrete dáád van uiterste liefde. Die evangelie verwag dat ons deur die Gees ook in sulke *dade* van liefde sal leef...

Hoe die Gees ons elkeen daarin sal lei, is onmoontlik om vooraf en in die algemeen te sê. Waarvan die Gees ons elkeen sal oortuig - in ons familie- en gesinslewe, in ons werkkring, in ons gesprekke oor die openbare en politieke lewe, in ons omgang met ons eie besittings en geleenthede, ás ons hierdie waarhede deel maak van ons lewe en ás ons die Gees tóélaat om ons só te lei, en

dan daarvolgens handel - dit is onvoorspelbaar; onmoontlik om vooraf en in die algemeen te sê.

Want dié liefde van God in Christus is geen wet, reël of voorskrif wat ons bloot moet toepas nie.

Die bedoeling is dat die Gees ons elkeen só sensitief sal maak in ons eie, spesifieke en konkrete lewensomstandighede, dat ons met Christus se oë na mense sal leer kyk!

En dít mag beteken dat sovele omstandighede waaraan ons al gewoon geraak het skielik opnuut, of vir die eerste keer, swaar op ons harte en gewetens mag begin lê, omdat ons mense in nood begin raaksien, anders begin raaksien as vroeër, en ons begin besef dat ons kán help, dat ons wel 'n verskil kán maak. Wel deur opoffering heen, maar as ons net inisiatief sal neem ... kán ons. Só kan in ons huise, in ons gemeentes, in ons buurte, in ons dorpe en stede, in ons land en vasteland, 'n nuwe klimaat ontstaan, wat nuwe lewe moontlik maak...

F

5.

Direk teenoor hierdie lewe deur die Gees staan die vlees. Die vlees wat nie liefhet nie, maar haat.

Johannes sê: Moenie verbaas wees as die wêreld julle haat nie. Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het die broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood. Elkeen wat sy broer haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe in hom het nie (1 Joh. 3:13-15). Om te haat - so het Calvyn verduidelik - is om te wens die ander persoon vergaan.

Dit is om te wens die ander een was nie daar nie! Dit beteken: ons kan nie met hom of haar of hulle klaarkom nie. Ons sien geen moontlikheid daarvoor nie.

Ons wens hulle wás nie...

Haat is om te sê: Ek wens ek was nooit met hierdie man getroud nie.

Haat is om te sê: Ek wens daardie vrou by die werk bly uit my pad uit, want sy krap my om elke keer as ek haar sien.

Haat is om te sê: Dié en dié groepe mense in die samelewing moet tog net nie naby my kom nie; ek wil met hulle niks te doen hê nie.

Dan is ons liefde nie groot genoeg om ander mense in hulle andersheid, hulle vreemdheid, selfs hulle verkeerdheid, te aanvaar en lewensruimte vir hulle te maak en te gun nie.

Dit is die haat waarvan Johannes praat.

Dis om jouself so lief te hê dat daar mense is vir wie jy nie ruimte kan maak nie. En hiérdie haat is vleeslik, sê die evangelie.

En daarteen waarsku Johannes in aangrypend duidelike taal. Hy sê: As iemand sê: "Ek het God lief", en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê (1 Joh. 4:20-21).

Trouens, voeg Johannes by, as ons hierdie liefde begin openbaar, as ons begin wandel deur die Gees, sal ons ontdek dat die wêreld, dat die vlees, óns ook begin haat. Die vlees haat diegene wat op dié manier begin liefhê, wat inisiatief neem in stukkende verhoudinge, wat bereid is tot selfverloëning en kruisdra, wat tasbaar, prakties, konkreet dade van liefde begin toon.

Die vlees haat die wandel in die Gees.

Liefde is ... bereid om die inisiatief te neem, selfopofferend, te sien in dade.

1) Another sermon from a series that should perhaps not be read alone, but again a clear system of theology can be seen even in this “excerpt” from the series. The series is about the “Fruits of the Spirit” (in the context of the traditional Pentecost Prayer Meetings in the Reformed church). It has the following structure:

A: The introductory question: What does the Spirit want to accomplish in us? Answer: Love! Then the sermon launches into a first reconnaissance of “love” as a “fruit of the Spirit”. It is the fruit, not one among others, because “God is love”. We often turn this around and then divinise and idolise our own definitions of love. If we want to understand what the Spirit is about we need to follow God’s logic not ours. Listen to what God says about love. The series will deal with various aspects of what God says about love. Here the sermon concentrates on 1 John 3 and 4.

